**<u>Sondag 1/12</u>**

**WêRELDVIGSDAG**

**DANKOFFERSONDAG**

**09:30 Erediens/ Kategese aflsuiting**

Deuroffer: Barmhartigheid

Diensbeurt: Meulstraat

**Eerste Adventsondag**

**<u>Sondag 8/12</u>**

**09:30 Erediens**

Deuroffer: Helpmekaar Studiefonds

Diensbeurt: Sentral

**Tweede Adventsondag**

Wes Kerk kuier by ons

**<u>Sondag 15/12</u>**

**09:30 Erediens**

Deuroffer: Bediening aan die Dowes

**Derde Adventsondag**




# DIENSNUUS

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

## Dankoffersondag

Ons beleef baie seën en wil graag seën uitgee hierdie Kersseisoen. Ons benodig asb julle hulp. Enige kosprodukte kan kerk toe gebring word (Dit word tydens kollekte in Spar mandjies gesit) of dit kan by Kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie

## Ons geliefdes bly oorsee

LAAT WEET ONS ASB AS JULLE GELIEFDES HET WAT IN ANDER LANDE WOON!

Tydens Sondag 8 Desember se erediens, wil ons graag almal wat kinders, kleinkinders, familielede of geliefdes in ander lande het, uitnooi om saam met hulle ons kerkgeleentheid by te woon.

Hulle sal dan inskakel via ons regstreekse YouTube-uitsending en hulle ouers of familielede voor in die kerk kan sien en groet in 'n eredienservaring.

Laat weet ons as julle geliefdes het wat in 'n ander land woon, wat hulle name is en stuur 'n foto van hulle na die kerkkantoor toe.

**5 Maniere van getuig wanneer  die wêreld dit nodig het**
DJ Muller skryf in Kaapkerk die volgende stuk wat so goed pas by ons Hoop en Liefde wat ons wil uitleef – ons getuienis wanneer nuwe uitdagings en vrae oor ons pad kom.  Ons hoop op Christus tsv my eie nood:
Die wêreld ervaar groot uitdagings soos hongersnood, armoede, oorloë, pandemies en geweld. As Christene vra ons onsself af:
Hoe kan ons effektief getuig te midde van hierdie omstandighede?
**Die betekenis van getuienis**
In Markus 13:1-9 voorspel Jesus die afbreek van die tempel, ’n simbool van religieuse stabiliteit. Hy sê: “*Sien jy hierdie groot geboue? Hier sal nie een klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word”*. Hy roep sy volgelinge op om te getuig, selfs wanneer die wêreld rondom hulle in chaos verkeer. Hierdie oproep is vandag net so relevant soos destyds, indien nie méér nie…

**1. Gaan sonder vrees waar God lei**
Ons moet bereid wees om sonder vrees te gaan waar God ons lei. Jesus sê: “En julle moet op jul hoede wees. Want hulle sal julle oorlewer aan regshowe” (Markus 13:9). Deur ons vertroue in God te plaas, kan ons vreesloos getuig en ’n verskil maak waar dit die nodigste is. “Want God het ons nie ’n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing” (2 Timoteus 1:7).

**2. Wys deur woorde en dade op God se versoening**
Ons lewens moet ’n weerspieëling wees van God se liefde en genade. In 2 Korintiërs 5:18-20 lees ons: “Maar alles is uit God, wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en aan ons die bediening van die versoening gegee het.” Deur ons woorde en dade kan ons die wêreld wys op ’n God wat die wêreld met Homself versoen. Ons is ambassadeurs vir Christus, en dit is ons voorreg om hierdie bediening uit te leef.

**3. Staan vas by wat reg is, ten spyte van kostes**

In ’n wêreld waar morele waardes vervaag, word ons geroep om by wat reg is te staan, ongeag die koste. Jesus waarsku: “En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam” (Markus 13:13). Ons moet die stem van geregtigheid wees, selfs al beteken dit ons sal ly. “Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons oes as ons nie verslap nie” (Galasiërs 6:9).

**4. Leef ’n lewe van vergifnis**

Vergifnis is ’n kragtige instrument van heling en herstel. Kolossense 3:13 moedig ons aan: “Verduur mekaar en vergeef mekaar as die een iets teen die ander het. Soos Christus julle vergewe het, moet julle ook doen.” Deur ’n lewe van vergifnis te leef, bevry ons onsself en ander van bitterheid en wraak. Dit maak ons kanale van God se genade in ’n wêreld wat dit dringend nodig het.

**5. Liefde eerste in elke omstandigheid**

Liefde moet altyd ons eerste reaksie en motivering wees. Jesus sê: “Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Johannes 13:35). Deur liefde eerste te stel, getuig ons op ’n kragtige manier van God se genade en bring ons die wêreld “terug na die lewe.” “En nou bly geloof, hoop en liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde” (1 Korintiërs 13:13).

Hierdie roetemerkers van ons getuienis kan ons neerskryf en onsself verantwoordelik hou daarteen. My opdrag is gaan en vertel – doen ek dit deur my besluite en keuses?

*Geseënde eerste week van Advent – Ons bring God se hoop deur ons getuienis*

**Preeknota's**: 1 Desember 2024

**Teks**: Lukas 21:25-36

**Tema**: Advent 1 – Sondag van Hoop

Wat staan vir jou uit in die teks?

(Jesus wat vertel van moeilike dinge/tekens. Die vyeboom as teken?)

Sien jy nog God se grootheid?

Kan jy opstaan (as  dit moeilik gaan) (vers 28)?

Hoe lig jy jou kop op (vers 28)?

Hoe sien jy jou Verlosser raak in die moeilike tye (vers 28)?

Definieer die woord **Hoop** vir jouself in die lig van die teks.

God se koninkryk is naby – (dink aan Kersfeestyd)wat beteken dit vir jou?

Oormatige eet en drink en die sorge van die lewe kan ons gees afstomp (vers 34) hoe voorkom jy dit?

In die dag het Jesus in die tempel geleef saam met mense, in die nag het Hy op die Olyf-berg geleef saam met mense – sien Jesus se manier van leef en ritme behou in moeilike tye.

Die teks hierna vertel hoe Sy dood beplan word – Sy kruisiging volg die teks van Hoop op.

# Voorbidding

- Barendes Groenewald (Sentrale)



**Beursaansoeke sluit**

**14 Januarie 2025**






## Baie geluk!
## Geniet julle dag

| Naam | Van | Verjaardag | Selfoon |
|---|---|---|---|
| Luke | Robertson | 11/29 | |
| Pj | Smal | 11/30 | |
| Hans | Fourie | 12/01 | 27724428519 |
| David | Van Vlaan-deren | 12/01 | 27844747773 |
| Linette | Morkel | 12/03 | 27826957339 |
| Gerhard | De Villiers | 12/04 | 27834069082 |
| Annette | Groenewald | 12/05 | 27844464079 |
| Albé | Rossouw | 12/05 | 27827383344 |
| Steven | Manning | 12/06 | 27822123363 |
| Alet | Lubbe | 12/08 | 27769189236 |

Vakansie is amper hier!



# TYDLYN KWARTAAL 4

- Ker ark — 28 OKT–2 NOV
- Sterkte met die oestyd! — NOV
- Be is -a legg g — 10 NOV
- Gesa tlike Moede met Co de v rs — 24 NOV
- Kategese afsluiting — 1 DES
- Skole sluit — 11 DES
- Kersfees diens 09:00 — 25 DES
- Nuwejaars-diens 00:00 2025 — 31 DES

## So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**

**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**



Snap here to pay
SnapScan

**Kerkkantoor is oop vanaf :**

**Maandag-Donderdag**
**7:00AM-1:00PM-**
**2:00pM-3:30PM**

**Vrydae 7:00AM-1:00PM**